



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 22 AUGUSTUS 2021

DETIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Bid vir die mense van Afganistan

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Efesiërs 6:10-20; 1 Konings 8:(1, 6, 10-11) 22-30, 41-43

Psalm 84; Johannes 6:56-69

SONDAG, 22 AUGUSTUS	
09:30	Oggenddiens in die Kerk - Ds Chris Barnardo
09:30	Kinderkerk – Gr 1-3 Deuroffer ten bate van Teologiese Kweekskool Erediensspan 3 – Johan Norman
	Geen Aanddiens
18:00	Senior Kategese
MAANDAG, 23 AUGUSTUS	
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 24 AUGUSTUS	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
Geen	Manne Bybelstudiegroep in Moederskamer
WOENSDAG, 25 AUGUSTUS	
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie

DONDERDAG, 26 AUGUSTUS	
09:30 Geen	Dienssentrum vir Seniors: Fliëk Openbaring Bybelstudie Sopbeurte: Mary Abrahams, Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit, Louis/Esther van Eeden Alle kommissie verslae vir volgende week se kerkradsvergadering moet by die kerkkantoor ingehandig wees.
VRYDAG, 27 AUGUSTUS	
SATERDAG, 28 AUGUSTUS	
SONDAG, 29 AUGUSTUS	
VEERTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD DANKBAARHEIDSONDAG BYBELSONDAG	
09:30 09:30	Oggenddiens in Kerk Kinderkerk Gr 4-6 Deuroffer ten bate van Gideons Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
Geen 18:00	Aanddiens Senior Kategese
GEMEENTENUUS	

1. Carol van Niekerk (Durbanville) is oorlede.
2. Ds Hannes Burger is die komende week met verlof.



VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 22/08 Esther van Eeden, Elize Mulder, Lize Small
 23/08 Annika le Grange, Ray Pitt-Bowers, Eljalie du Plessis
 24/08 Stefan Botma
 25/08 Hanelize Basson, Leandri Volschenk, Jantjie Muller,
 Leon Ehlers, Jakes Kearney
 26/08 Jan Geldenhuys, Danie Bruwer
 27/08 **Tim Burrows**, Leon Bleeker
 28/08 Nelleen Lodewyks, Bjorn Moggee, Estelle Conradie,
 Elmien Boyes



KERKRAADSVERGADERING

Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 1 September 2021 om 19:00. **Verslae vir dié vergadering moet teen Donderdag 26 Augustus 2021 by die kerkkantoor ingehandig wees.**

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans 'n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

EREDIENSTE

Bywoningsgetalle is beperk tot 50 per byeenkoms. Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiging insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Daar is **nie aanddienste nie**, maar die Senior kategese klasse vind plaas om 18:00 in die kerkgebou.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM DATUM WYSINGINGS

Vanweë die feit dat die skole later begin het as wat aanvanklik beplan was, het die Dept van Basiese Onderwys die skoolkwartaal datums gewysig.

Die datums soos aangedui op De Eike se jaarprogram is dus nie korrek nie. Die nuwe datums is soos volg:

3de Kwartaal	26 Jul - 1 Okt
4de Kwartaal	11 Okt - 15 Des




DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag: Bikkies kos, Droë rantsoene, Toiletware, Melk, Koffie, ens.

Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet



VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Teologiese Kweekskool

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

* Me Amanda van Niekerk | 021 887 6819 | toerusting@sun.ac.za

PROTEAHOOGTE GEMEENTE

WINTERMARK
30 Augustus - 4 September 2021

STALLETJIES | ARTS AND CRAFTS | LEKKER ETES

Maandag tot Vrydag
10:00 tot 19:00

Saterdag
09:30 tot 15:00

75 Heuwelstraat, Proteahogte, Brackenfell

VIR MEER INLIGTING KONTAK:
Kerkkantoor: 021 982 1041 | kkantoor@proteahogte.co.za

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,
 DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.
 Koste is R250 p/p.
 Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.



DE EIKE FONDSINSAMELING

GROENBOKS

Hoe klink 'n boks propvol groente teen 'n bekostigbare prys vir jou? Dit is wat die Bottelary Plaaswyk teen die einde van Augustus 2021 vir ons gaan aanbied sodat die fondse van De Eike aangevul kan word. Clayton van Zyl, Bottelary se blokleier, neem die leiding en gaan 200 van hierdie **GroenBokse** met 'n verskeidenheid van groente in die gemeente verkoop.

Ingesluit in die GroenBoks gaan die volgende wees:

- 1 kg Aartappels
- 1 kg Uie
- Spinasie
- Kool
- Blomkool
- Beet
- Wortels
- Kropslaai



(foto ter illustrasie)

Dit alles vir die winskoopprys van R130.00 !!!!

Wat moet jy doen om te deel in hierdie aanbod?

- Kontak die kerkkantoor om jou **GroenBoks** te bestel
- Betaal jou **GroenBoks** (die bestelling word eers bekragtig sodra die betaling ontvang is)
- Saterdag 28 Augustus 2021 tussen 9:00 en 12:00 gaan haal jy jou **GroenBoks** met heerlike vars groente by Clayton op die plaas Avalon, Bottelary Pad (net ná die robot by die Kuilsrivier Gholfbaan)

Kontak dus so spoedig moontlik die kerkkantoor gedurende kantoorure om seker te maak dat jy van hierdie heerlike vars, gesonde groente kry.

Tel nr 021 903 3818

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 tot 12:00

Onthou, daar is net 200 bokse beskikbaar. So, jy moet gou spring om teleurstelling te voorkom!!

PREEKSKETS

TEMA - STAAN VAS, HOU JOU LYN - MOENIE 'N DUIMBREEDTE TERUGDEINS NIE!

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Efesiërs 6:10-20

1. Inleiding. Die duiwel is 'n duiwelse ding! Daarom moet ons die duiwel nie te veel erkenning gee nie. Daarmee wil ek nie die bestaan van die duiwel misken nie. Allermens. Maar gelowiges se kosbare tyd om erkenning aan Jesus te gee word van hulle ontnem wanneer daar te veel oor die duiwel uitgebrei word.

Tog moet ons nie fokus verloor nie. Ons moet kennis neem en bedag wees op sy handeling want as gelowige loop jy rond met 'n teiken op jou rug.

2. As navolger van Jesus het jy 'n teiken op jou rug! Navolgers van Jesus is dikwels juis brose mense. In hierdie uiters ongelyke stryd, is gelowiges besonder kwesbaar. Ons knieë knak maar maklik. Die vraag is: Hoe gaan ons weerstand bied? Hoe gaan ons die aanslae afweer?

3. Hoe gaan jy die aanslae afweer? Staan vas. Hou jou lyn. Moenie 'n duimbreedte terugdeins nie. Dit is ons taak. Om vas te staan en op ons pos te bly met die wapens wat die Here vir ons gegee het. Vanuit hierdie posisie van krag is daar drie dinge wat ons kan doen:

- Leer om op God staat te maak. Moenie dink dat jy die geveg op eie vermoë gaan wen nie.
- Vra vir die Here om jou toe te rus met moed en vertroue. Gebed is nie 'n opsie nie. Gebed is die **enigste** opsie.
- Wees elke dag paraat deur jouself oop te stel vir die krag en teenwoordigheid van die Here.